nie die register geraadpleeg nie, ek het net daardie ..gekyk vir daardie een dag..die 8ste.

Ek sien. Dan tot ..so omtrent die 9de, hoe weet jy hulle was daar? -- Die lede wat saam met my in die kantoor werk, het my gesê daar gaan Adjudant Grundling en Adjudant Els.

U onthou daardie verslag? -- Ja

Was dit 'n belangrike verslag? Of net 'n verslag in die gewone loop van u werk? -- dit is 'n verslag in die gewone loop van my werk.

Daar was niks besonders aan die gang nie? U het nooit enige agterdog gehad dat daardie man Stanley Radebe was amper dood geslaan in 'n sel, dit het u nie gehoor nie? -- Hy het op geen stadium wat hy by my daar in die kantoor was, daardie twee geleenthede, gekla dat hy aangerand was nie.

Ek vra u net u het geen agterdog gehad dat iets plaasvind wat nie reëlmatig was op daardie Dinsdag nie? -- geen agterdog nie.

En u weet nie of hulle daar was of nie daar was nie? Op die 10de nie? -- Nee

En u weet ook nie of hulle daar was op die 11de nie? -- ek kan nie sê nie.

Meneer, ek dink dit is gemene saak dat op die ..dat in die register staan daar 8, 9, 10 en 11, het u dit nie gesien nie? --

HOF: Bedoel u staan dit in een deel, een bladsy?

MNR SOGGOT: Nee, Edelagbare, so ver daardie dae betref, staan dit daar dat hulle daar was.

HOF: Op verskillende bladsye?

MNR SOGGOT: Ek ..against me I make the assumption, but in fact I don't think so, but I don't think ..if I may put the

question / ..

question again, het die konstabel net vir u gevra oor die 8ste? -- Nee, hy het nie net gevra oor die 8ste nie.

Hy wil weet wanneer hulle was daar. -- dit is korrek.

Natuurlik. En u het nou die registerboek deurgegaan? -- Dit is korrek.

En u het net gekry hulle was daar op die 8ste, is dit nie waar nie? -- Ek het gevat van die oomblik wat die Stanley Radebe opgeneem is, beskuldigde 1, het ek van daardie datum af die besoekersboek teruggewerk, toe het ek op die 8ste Maart hulle gekry dat hulle die eerste keer daar besoek het.

Ja, maar hy wil weet wanneer was die menere daar, dit was die vraag van die konstabel. -- Die 8ste Maart.

Nee, u het alreeds vir ons gesê die konstabel, die ondersoekbeampte wou weet ..wat is sy naam.. -- Coetzee.

Coetzee, Mnr Coetzee wil weet wanneer was die drie here daar. -- dit is korrek.

U het alreeds getuig, en u het gekyk en u kry hulle op die 8ste, nie waar nie? -- dit is reg.

Maar u het ook ander dae ook gesoek, nie waar nie? --Nee.

Het Mnr Coetzee niks gesê ..gevra oor die ander dae nie?-- Hy het niks gevra oor die ander dae nie, net gevra wanneer was hulle die eerste keer daar gewees.

Is dit die enigste vraag? --dit is reg.

Daardie antwoord kan nie die waarheid wees nie. Hy moes u gevra het was hulle daar op die 9de, kan u onthou wat gebeur het op die 9de, en ook die 10de, En ook die 11de. Wat makeer u getuienis? -- Nee, ek het hom gesê..ek het uit my eie uit vir hom gesê dat ek onthou dat hulle daar die 9de was, maar die 10de en die 11de weet ek nie.

Maar hoekom nie in die boek gaan kyk nie? Daar sit u met

die / ..

die boek. Hoekom kyk u nie om vas te stel nie? -- Ek kon dit gedoen het, maar ek het dit nie gedoen nie.

Kan u dit verklaar? -- Ek het net belang gestel in die 8ste, die heel eerste keer wat hulle daar was.

Mnr Coetzee was geinteresseerd in 4 dae nie waar nie, hy wou weet watter getuienis kon u oordra sover 4 dae betref, Maandag tot Donderdag. -- dit is korrek.

Nou hoekom kyk u nie in die register nie? Of hulle wel daar was of nie? -- geen antwoord.

Geen antwoord? -- geen antwoord.daar nie.

Mnr Pretorius, die 9de was 'n Dinsdag, en .. wie het daardie ..of liewer u onthou die twee menere was by isolasie-blok ..wie het daardie verslag aan u oorgedra? Wie het vir u sô gesê? -- dit is een van die Swart lede wat daar saam met my werk.

Wie? -- dit is Bewaarder Thema.

Was u nie op diens daardie dag nie? -- ek?

Ja. -- Ja-nee, ek was op diens.

U is daar in beheer van ontvangs. Die register is onder u beheer. -- Nee, maksimum se beheer.

Maksimum se beheer. -- dit is korrek.

Maar dit is in die ..is dit in 'n maksimum kantoor? Of hoe? Ek verstaan nie mooi daardie antwoord nie, "maksimum se beheer". -- Dit is 'n kantoor wat in dieselfde vleuel as Majoor Boshoff se kantoor geleë is.

En behandel hulle die maksimum sekureitsblok? --dit is korrek.

Watter een is dit? Die isolasieblok? -- Nee, nee, hy is ook in dieselfde blok as myne, maar hy is net in die ander vleuel van my kantoor.

Nee / ..

Nee maar maksimum sekuriteitsblok, die plek waar die gevangenes gehou word, --die enkelselle.

Is dit die enkel selle. -- Ja.

In ander woorde, die isolasieblok word ook genoem die maksimum sekuriteits? -- Nee die hele opset is sekuriteit genoem.

Help ons asseblief 'n bietjie, is daar enige gedeelte van die selle wat eintlik onder die naam .. stelsel maksimum sekuriteitstelsel kom of is die hele tronk .. -- die hele tronk.

is maksimum sekuriteit. -- die hele tronk.

Maar wanneer daar mense kom om gevangenes te sien, of hulle prokureurs is of speurders of predikante, word hulle nie deur u uitge-"check" nie? -- Alleenlik speurders wat daarso kom, die geestelike werkers en die ander persone wat daar kom op amptelike diens, gaan voor na maksimum kantoor toe.

Maar die speurders kom na u toe? -- Hulle kom daar na ons toe.

Hoekom is daar 'n verskil? -- Want ons behandel die administrasie van die gevangenes,al die dokumente, lasbriewe is daarso by ons.

Die speurders hulle ook moet teken? -- dit is korrek.

Hulle word beskou soos enige ander besoeker is dit reg? -- amptelike besoeker.

Soos prokureurs of predikante en so aan? -- dit is reg.

En dieselfde reëlings geld vir hulle, as hulle konsultasie hou, dan kan hulle konsultasie hou, maar iemand moet hulle dophou. -- dit is korrek.

En het dit so ver u weet ook plaasgevind toe Stanley ondervra is? Was hulle dopgehou? -- ek sal nie kan sê nie, want hulle was bo in die enkel selle.,het hulle hom ondervra.

Maar dit moes gewees het? Dit was eintlik die reël hulle / ..

le moet dopgehou word. -- dit is so.

En een van julle lede moes gekyk het ðf deur 'n venster ðf deur 'n deur wat dit ookal mag wees nê? -- dit is reg.

En indien die deur toemaak, en niemand het gekyk, was dit 'n onreëlmatigheid. -- dit is korrek.

Ek neem aan..Meneer u is hoelank reeds by Groenpunt? -- 9 jaar.

Hoelank is u alreeds in die diens? -- 22 jaar.

Dan is u ten volle vertroud met die praktyk en die Wet? En die reëlings wat van toepassing is. Natuurlik. --dit is so ja.

Het u nie gesorg dat iemand ., het u op geen stadium self na isolasie-blok toe gegaan nie? Met hierdie menere? --Nee, dit is net die 8ste wat ek saam met hulle daar was.

Hoekom het u saam gegaan? -- want ek het hulle gaan voorstel aan Sersant van Pletzen, en die doel van hulle besoek aan hom verduidelik.

Maar het u ..as 'n speurder daar kom, kyk al wat hulle wil hê is 'n konsultasie..nou as 'n speurder daar kom, hoekom moet u daar wees, u is die hoof..van u gedeelte, hoekom moet daar dan ..hoekom moet u u dan bemoei met die kleinigheid? Die voorstelling. Mnr van Pletzen het Mnr van Loggerenberg geken, nie waar nie? -- dit is korrek.

Nou hoekom moet jy hom voorstel? -- Want hulle was eers by my gewees, toe het ek maar net opgestap saam met hulle.

Maar hoekom moet u hom voorstel as hy bekend was met hulle, of is daardie antwoord ook nie waar nie? --Kyk hulle kan nie in die inrigting rond beweeg vrylik al is hy 'n amptelike persoon, hy moet vergesel gaan van 'n lid.

Ek sal dit aanneem, maar hoekom moet u daar gaan, u

is / ...

is die hoof. -- van die ontvangs rekords ja, op daardie stadium was my werk klaar gewees, ek het toe saam met hulle gestap.

Hoe onthou u dat u werk klaar was, ek het altyd die indruk gekry dat julle mense geweldig baie werk het, dat julle nie genoegsame personeel het nie. Geld daardie stelling nie ook vir Groenpunt nie? Julle het geweldig baie werk? -- dit geld ook daarso.

Nou skielik daardie dag is daar geen werk nie. -- daar is tye wat 'n man geenwerk het nie.

En u onthou vandag 'n jaar daarna, dat u geen werk gehad het nie? -- dit is hoekom ek saam met hulle gestap het.

Hoekom..hoe kan u dit onthou vandag? -- ..

Kan u ons enigsins enige verklaring gee? -- geen.

Geen verklaring nie. Nou behandel ons die 9de, u onthou dat 'n sekere Swart lid vir u gesê het daardie menere is daar. Moes u hulle ook op daardie dag nie vergesel nie? -- Nee, dit was net vir die heel eerste keer dat hulle daar gekom het,die andere kere nie.

Kon hulle self loop? -- dan gaan hulle eers maksimumkantore toe, en van daar af weet ek nie wie vat hulle nie.

Maar kyk die eerste dag die speurders moet na u toe kom elke keer dat hulle 'n besoek aflê nie waar nie? Dit is wat jy nou vir ons gesê het. -- dit is korrek.

Dit moes vir die 9de ook gegeld het, Nie waar nie? Dan moes u Meneer Els en Grundling gesien het daardie dag. -- Op daardie dag was hulle glad nie by my nie, by my in die kantoor gewees nie.

Hoe weet jy dit? -- ek het hulle nie gesien nie.

Maar dit sou die prosedure gewees het, hulle moes dit gedoen het? -- ..

Is / ..

Is daar enige antwoord? -- Wat ek daar kan dink wat gebeur het is omdat hulle besig was met die ondersoek, het hulle direk opgegaan saam met ..

HOF: Meneer, sou dit die prosedure gewees het, die korrekte prosedure dat hulle elke dag weer na u toe moet kom? --dit is die regte prosedure ja.

Kan u aan enige rede dink waarom daar van die korrekte prosedure afgewyk is? -- Ek kan nie sê hoekom nie.

MNR SOGGOT: Ek sal u sê Meneer hoekom u wou u self van die geleentheid verwyder, dit was juis op daardie dag dat u hulle vergesel het met 'n dwangbuis na die selle. -- ek ontken dit.

Het u hulle ooit vergesel na die selle? -- nee, net op die 8ste na die enkelselle en daarvandaan af na geen ander blok het ek hulle vergesel nie.

Daar is 'n hele aantal gevangene getuies wat vir Sy Edele gesê het dat u het verby geloop, met die twee menere en Stanley, daardie Dinsdag en Stanley het 'n dwangbuis gehad, --Nee. Daarvan dra ek geen kennis nie.

Hoekom sou hierdie gevangenes u impliseer, daar is 'n hele klomp bewaarders daar nie waar nie? -- dit is korrek.

Hoeveel bewaarders is julle, Blankes? -- Seker hier in die 60.

60. Nou as hulle op iemand,,as hulle 'n teiken soek,kon hulle enige iemand kry, hoekom u? -- ek weet nie, maar van daardie dwangbuis ken ek niks nie.

Is u redelik gewild onder die gevangenes? -- ek sal nie kan sê nie.

U sal nie kan sê nie, u weet nie hoe hulle voel teenoor u nie? -- Nee.

Maar u ontken dat daar enige spesiale haat isteenoor u,nie

waar / ..

waar nie? -- dit is so.

Dan het hulle geen rede om u uit te soek, nie waar nie? -- dit is so.

Ons keer terug na die Maandag, daardie dag u vergesel hulle na die isolasie-blok, en daar stel u hulle voor aan Mnr van Pletzen wat hulle eintlik..wat Mnr van Loggerenberg alreeds ken. En wat het toe gebeur? -- Ek het toe teruggegaan.

Miskien kon dit plaasgevind het op die Dinsdag wat jy hulle vergesel het en toe teruggegaan het. Kyk ek praat nou van 'n jaar..amper 'n jaar terug. Sal dit op die Dinsdag gewees het? -- die hele eerste keer wat hulle daar was

Hoe kan u dit onthou? -- die 8ste Maart.

Hoekom kon dit nie die tweede keer gewees het nie? -- Ek weet net van daardie heel eerste dag wat hulle daar was.

Maar hoekom is dit nie moontlik dat u nou so effens foutief is? En u verwar die twee dae, dit is baie maklik na amper 'n jaar. Nie waar nie? -- dit is so, dit is moontlik.

Dit is moontlik dat jy dit verwar en dit is moontlik dat u hulle vergesel het op die Dinsdag na een of ander plek, en toe teruggekom het. -- Nee dit was op die 8ste Maart gewees.

Maar dit was moontlik op die 9de Maart? U het nou net gesê dat u verwar moontlik die feite,,nie waar? -- Want ek weet net dat hulle op die 8ste Maart, die heel eerste dag wat hulle daar was, was ek saam met hulle. Daarna was ek in geen kontak weer met hulle gewees nie.

As hulle nou terug kom van 'n konsultasie, word hulle uitgeboek? -- Nee.

Teken hulle nie as hulle weggaan nie? -- Nee, hulle teken nie.

Kry hulle nie hulle wapens nie? -- Ja, maar waar die

wapens / ..

wapens gehou word, weet ek nie.

U weet nie waar die wapens gehou word nie in die tronk? -- ek is administratief, ek werk nie by maksimum voor nie, hulle hanteer die arsenaal.

Maar as 'n polisieman daar kom en hy gee nou sy wapen in, waar word dit gehou? -- by my was daar nog nie speurders wat by my was wat vuurwapens gehad het nie.

Nog nooit 'n speurder gehad wat 'n vuurwapen gehad het nie? -- Moontlik word dit gehou by die voorhek, dat hulle dit vat en dan toesluit in die arsenaal.

Hoekom is u so heeltemal onseker, want van uiterste belang in enige tronk as 'np prokureur of 'n polisieman daar kom,dan vra hulle "het jy wapens?" nie waar nie? -- Jy vra maar., ek het nogni niks gekry nie.

En dit word gevra by ontvangs, nie waar? -- by die hek waar jy inkom.

Nie by die ..daar is net 'n polisieman by die hek met 'n sleutel, hy weet van niks nie. Dit word gevra by ontvangs nie waar? -- Nee.

Of weet u nie? -- Nee, hy word glad nie by ontvangs gevra nie, by die voorhek waar jy inkom, vra die voorhek man vir hom of hy in besit van 'n vuurwapen is,

Dit is 'n Swart lid wat daar staan met 'n sleutel? --dit is korrek.

En as hulle sê "ja, ek het 'n vuurwapen" wat gebeur dan? Of weet u nie? -- dan vat hulle hom.

Die Swart lid vat hom? -- vat hom.

En sit dit in sy sak? -- Hy sit hom nie in sy sak nie,hy gaan na maksimumkantoor toe.

Dit is 'n bietjie ver van die hek, -- wat hulle opset

is / ..

is daar met vuurwapens wat inkom, kan ek nie sê nie.

Maar dit..maar hoekom Meneer, u werk alreeds 9 jaar en u weet nie? -- ..

Is wat u nou vir ons gesê het hoe die Swart lid die vuurwapens afneem, is dit nou alles net geraai? Dink u dit? -- ek dink dit.

U weet nie eintlik nie? -- ek weet nie hoe maak hulle met vuurwapens wat daar kom nie.

Maar ek praat nou net van die praktyk, as 'n speurder nou terug kom, kom hy nie terug na u nie? -- Nee.

Mnr van Loggerenberg u ken hom baie goed, hy was daar vir weke en weke in die tronk. -- dit is korrek.

En julle is maats eintlik so te sê? --net van sien.

Ja, Meneer, nie net van sien nie, julle het met mekaar geeet, gesels nie waar nie? -- Ons het gepraat en dit ja.

Oor weke. Hoekom sê jy net van sien? Watse antwoord is dit? -- sien en praat, dit is ook al wat dit was.

Maar hoekom het jy gesê net van sien? Hoekom wou u uself so ver van Mnr van Loggerenberg stel as moontlik? Hoekom het u gesê net van sien? -- dit is van praat ook.

Dit is 'n fout net van sien? -- dit is korrek.

Dit is die soort persoon as hy daar besoek aflê by die tronk, en hy is in jou onmiddelik omgewing, hy sou na u toe kom om te sê "hallo" nie waar nie? "hallo hoe gaan dit" nie waar nie, soos vriende en as hy weggaan sou hy dieselfde doen, nie waar nie? U sou dit verwag? -- dit is so.

Het hy dit gedoen die Maandag? Kan u onthou? -- Nee, ek kan nie daardie onthou nie.

Nou Meneer, dan keer ons terug, die praktyk sou wees dat op die 10de moes hulle weer na julle toe gekom het..kan u

onthou / ..

onthou dat hulle dit wel gedoen het? -- Ek kan nie onthou nie.

Maar miskien het hulle dit gedoen. -- miskien

Ons kan selfs sê waarskynlik, nie waar nie? -- dit is so

As dit waarskynlik is, hoekom het u gewaag om vir Sy Edele te sê jy het hulle nie gesien nie daardie dag? -- Op die 10de?

En die 11de.. en die 9de. --Die 9de het ek gehoor van hulle en die 10de en 11de weet ek nie van hulle nie.

Maar u het nou net gesê dit is waarskynlik hulle was daar. -- Ja. Hulle kon moontlik daar gewees het, ek weet nie.

Maar u het gesê hulle was nie daar nie, u het hulle nie gesien nie. -- dit is korrek.

Al is dit waarskynlik dat u hulle gesien het. -- Nee, ek het hulle nie gesien nie.

Hoe weet u dit vandag? -- ek weet dit nog al die pad.

Wat? -- Ek weet dit nog al diepad dat ek hulle nie gesien het daardie dag nie, net die eerste dag en die tweede dag gehoor van hulle.

Nou laat ek dit vra, dit is uit jou geheue uit nie waar nie? -- Nee ek weet niks van hulle dat hulle daardie dag daar was nie.

Maar dit is jou geheue waarop u staatmaak? -- dit is korrek.

Nou wanneer voor die 8ste het jy Mnr van Loggerenberg gesien? -- Ja.

Wanneer voor die 8ste het jy hom gesien? -- Ek kan nie onthou nie.

Natuurlik kan jy nie onthou nie, en wanneer na die 8ste het jy hom gesien? -- ..

U kan nie onthou. -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

Natuurlik nie. Nou hoekom skielik kan u onthou so ver

dit / ..

Julle is 'n gevangenis..julle het Nie-politieke gevangenes daar? Julle het net gewone bandiete? Rowers, moordenaars en sulke mense? -- dit is korrek.

Nie mense wat gestraf is onder die Veiligheidswet nie? -- Nee.

En soos ek verstaan is julle tronk nou 'n tronk eintlik wat bedoel is vir lang-termyn gevangenes. -- dit is reg.

Meer as 2 jaar. -- dit is reg.

Waar word diegene wat onder 2 jaar ..minder as 2 jaar gekry het, gewoonlik gestuur? Waar dien hulle gewoonlik hulle vonnis uit? -- ..

Ek neem aan gestel die man is gevonnis in die streekshof, of te Kempton Park of te Johannesburg, en hy kry 'n jaar, vir poging tot verkragting, waar sou hy sy vonnis uitdien? -- As hy Kempton Park is, dink ek sal hy na Modder B toe gaan.

En Johannesburg? -- Johannesburg na die Fort-toe, of nou die nuwe inrigting Diepkloof.

En julle ontvang nooit nie mense wat minder as 2 jaar kry nie? -- Nee.

En in Stanley se geval is dit nou weer 'n uitsondering? -- dit is korrek.

Hy was in die Fort waar hy behoort te wees, nie waar nie? -- dit is so ja.

En tot vandag is alles duister hoekom daar so 'n spesiale geval gemaak was in sy geval? -- dit is so.

U weet nie hoekom nie? -- ek weet nie hoekom nie... die rede nie.

Het u ook nie vir die rede gevra nie? -- Nee.

Het u ooit by die Fort gewerk? -- op geen stadium nie.

Nou praat ons nou 'n bietjie van die isolasieblokke.

As / ..

As 'n man gestraf word, dan word hy in isolasie gesit. Is dit so? --As hy 'n gevangenis oortreding begaan het?

'n Gevangenis oortreding, dit is 'n tugmaatreël ons het alreeds gehoor. Dit is 'n tugmaatreël, en dan sit hy daar in sy sel en hy werk nie en hy moet net oefening kry. -- dit is korrek.

30 minute in die oggend en 30 minute in die namiddag. -- dit is korrek.

En hy doen dit stokalleen? Is dit reg, volgens julle regulasies. -- Ek weet nie hoe is die opset daar by die enkelselle nie.

Nee maar volgens die praktyk soos u verstaan, -- dit is hy dit is hy.

En hulle werk nie, -- werk nie.

Stanley het ook nie gewerk nie, -- Nee,

Hy was behandel asof hy eintlik 'n oortreding begaan het. Asof hy iets slegs gedoen het, nie waar nie? -- dit is so.

Indien hy iemand sleg aangerand het, dan sou hy sô behandel word, is dit nie waar nie? --

Ek praat nou van julle praktyk, -- dit is hy.

En laat ek dit sô stel, voordat 'n man in isolasie nou ingesit word, weens een of ander gevangenisoortreding, word daar interne verhoor .. hy word verhoor deur 'n offisier. --dit is korrek.

Wie is die offisier wat die verhore behartig? -- Majoor Boshoff, Luitenant Botha en Luitenant Lesch, die tyd wat hy nog op Groenpunt was..gestasioneer was.

Dan is daar 'n verhoor en as hy gestraf word, dan moet hy ..dan kan hy of liggaamsstraf kry nie waar nie? -- dit is so.

Of hy kan na isolasie toe gestuur word. -- dit is so

Hoelank / ..

Hoelank maksimum kan hy na isolasie-toe gestuur word? -- vir 30 dae.

30 dae. -- dit is korrek.

Is dit volgens julle eie wet nie waar nie? --dit is so.

Wat eintlik ..watse geweldige misdaad het Stanley gepleeg ..eintlik uitgevoer dat hy daar maande, maande, maande lank gesit het, soos 'n gestrafde persoon? -- ek sal nie kan sê nie want Lt. Lesch weet van die hele ding, hoekom hy daar aangehou word.

Maar u het geweet hy word so behandel nie waar nie? -- ..

Almal het geweet hy word só behandel. --deurdat hy daar aangehou word.

Almal het geweet dat hy was daar aangehou. -- reg so

Hy was 'n besondere geval. Nie waar? -- dit is hy.

En u het nooit gevra hoekom word hy só ..op so 'n strawwe manier gestraf nie? -- op geen stadium nie.

So u was nie geïnteresseerd nie? -- Nee.

Lyk dit nie 'n bietjie meedoënloos as ons nou terug kyk? Bietjie wreed Meneer? Hy het daar gesit vanaf Februarie tot ek dink Juliemaand. Dan lyk dit nie vir u asof as ons terugkyk, vreeslik wreed nie? --..

Met inagneming dat hy geen misdaad gepleeg het in die tronk. Is daar 'n antwoord? -- Nee ek sal nie 'n antwoord waag daar nie

U het geen antwoord nie. -- Nee.

If the Court will bear with me Sir, I would just like to.. I don't want to ask for an adjournment, but I have notes all over the place. If the Court will forgive my taking a bit of time. Op die 8ste het u gesê daar was leërs wat hulle gehad het? -- dit is reg.

Wie Wie het die leërs gehad? -- ek kan nie onthou nie

Lêers, I was wondering Sir, that is rather a military question,which I wasn't realising.

HOF: Kan u onthou wie die lêers op die 8ste gehad het? -- Adjudant Grundling en Els, altwee het lêers in hulle hande gehad.

MNR SOGGOT: Die soort gewone koeverte wat die speurders hou vir hulle sake? -- dit is reg.

So ver die sogenaamde staal helmet of hoed betref, as 'n persoon daarso kyk, ek neem aan hy kan 'n fout maak en dink dit is van staal gemaak? -- dit is so.

En julle gebruik geel hoede van daardie aard? -- Ja.

Dit word gedra deur die werkers en ek neem aan in gepaste gevalle deur die bewaarders ook? -- dit is korrek.

Sou 'n bewaarder sy eie persoonlike hoed hê? -- dit is korrek.

En dan sou dit nie onwaarskynlik wees dat daar miskien sou in een of ander kantoor 'n geel hoed rondlê nie? -- dit is moontlik. Hulle is nie veronderstel om rond te lê nie.

Ja, maar hulle dra dit en hulle kondit doen ..of dit vir die dag is of vir 'n uur, nie waar nie? --Dit is so.

Nou ek stel 'n bietjie belang Meneer in Mnr ..in daardie kantore. Daar is soos My Geleerde Vriend en ek gesien het, daar is twee kantore in die isolasie-blok, is dit reg? -- ek sal nie kan sê nie.

Maar u was dikwels daar Meneer, asseblief tog. -- ek was daar maar ek weet nie hoeveel kantore is daar nie.

Nou ..

AANKLAER: Dit is miskien 'n bietjie misleidend met respek, daar is nie net twee kantore nie, maar dit is twee kantore

wat / ..

dit die 8ste betref? -- ..

U kan nie 'n verklaring gee nie? -- Nee.

Goed,vertel ons nou net so 'n bietjie van die isolasie-blok. Volgens die regulasies ..of laat ek maar eers die feite kry, Stanley was opgesluit in die ..die beskuldigde No. 1 was opgesluit in die isolasie-blok. -- dit is reg.

Van die begin af, van die dag toe hy ingeneem was by julle inrigting. --dit is korrek.

En hy daar gebly het, totdat hy weg is na Modder B toe. -- dit is korrek.

Toe Mnr van Loggerenberg daardie Maandag gekom het, het u van Stanley geweet? Of het u nie? -- Die 8ste?

Die 8ste. -- Ja-nee, ek het toe geweet van hom dat hy daar is.

Wat het u geweet? -- dat hy aangehou word in die enkelselle.

Ken u die name van die gevangene in u tronk? -- Nie almal nie.

Maar die meerderheid? -- daar is 'n klomp wat ek ken.

Is daar enige iets spesiaal met betrekking tot Stanley? -- Ek het hom opgeneem die dag toe hy opgeneem is.

Maar net soos enige ander gevangene? --Ja.

Daar was niks besonders so ver sy geval betref nie? -- dit is maar net dat hy op die Veiligheidswetgewing aangehou word.. oorgeplaas is na ons toe vanaf Johannesburg.

Maar vanaf Veiligheidswetgewing? -- dit is reg

Ek is nie baie duidelik nie, ek verstaan nie baie mooi nie, wat bedoel u hy was onder Veiligheidswetgewing? -- Kyk hy was..

Wat het u verstaan? -- Op daardie stadium het hy 18 maande gevangenisstraf gedoen ek dink vir diefstal as ek dit nie mis het nie, en toe het hulle hom na ons toe oorgeplaas vir verdere

ondersoek / ..

ondersoek onder hierdie Veiligheidswetgewing.

So ver u verstaan het, het hy sy vonnis uitgedien? -- Nee nog nie. Hy was nog steeds gevonnis tot gevangenisstraf.

Dan is hy oorgeplaas na julle vir watter doeleindes? -- vir waarneming daarso dat hulle die ondersoek kan hou.

By julle? -- dit is reg.

Ondersoek in terme van Veiligheidswetgewing? -- dit is hy.

Weet u watter Artikel sou gebruik word? --Nee, ek weet nie.

Het so 'n geval ooit tevore in u tronk gebeur? -- Dit was die eerste een gewees daardie.

Dat 'n gestrafde persoon na julle toe gebring word vir ondervraging? -- dit is korrek.

Wat was die rede daarvoor? -- ek weet nie.

Maar het jy nie gevra nie? -- Nee, die veiligheidsoffisier het daarmee gewerk, Luitenant Lesch.

Luitenant Lesch. -- Ja, hy het net vir my gesê dat die man oorgeplaas is van Johannesburg af.

Wat bedoel die uitdrukking "Veiligheidsoffisier"? -- Hy is oor al die veiligheidsaspekte ,.staan hy aan die hoof van.

En wat behels die woord "veiligheid"? Enige aangeleentheid met betrekking tot veiligheidswette? -- dit is korrek.

<u>HOF:</u> Ekskuus wat is u antwoord, ek het nie gehoor nie. -- veiligheidswette.

<u>MNR SOGGOT:</u> Die vraag was enige aangeleentheid met betrekking tot Veiligheidswette en hy het gesê ja. Maar nogtans was u nie eintlik gretig om te weet hoekom nou hierdie,.skielik hierdie geval nou plaasvind, het u nie Mnr Lesch gevra hoekom na ons toe? --Nee.

Julle / ..

Julle is 'n gevangenis..julle het Nie-politieke gevangenes daar? Julle het net gewone bandiete? Rowers, moordenaars en sulke mense? -- dit is korrek.

Nie mense wat gestraf is onder die Veiligheidswet nie? -- Nee.

En soos ek verstaan is julle tronk nou 'n tronk eintlik wat bedoel is vir lang-termyn gevangenes. -- dit is reg.

Meer as 2 jaar. -- dit is reg.

Waar word diegene wat onder 2 jaar ..minder as 2 jaar gekry het, gewoonlik gestuur? Waar dien hulle gewoonlik hulle vonnis uit? -- ..

Ek neem aan gestel die man is gevonnis in die streekshof, of te Kempton Park of te Johannesburg, en hy kry 'n jaar, vir poging tot verkragting, waar sou hy sy vonnis uitdien? -- As hy Kempton Park is, dink ek sal hy na Modder B toe gaan.

En Johannesburg? -- Johannesburg na die Fort-toe, of nou die nuwe inrigting Diepkloof.

En julle ontvang nooit nie mense wat minder as 2 jaar kry nie? -- Nee.

En in Stanley se geval is dit nou weer 'n uitsondering? -- dit is korrek.

Hy was in die Fort waar hy behoort te wees, nie waar nie? -- dit is so ja.

En tot vandag is alles duister hoekom daar so 'n spesiale geval gemaak was in sy geval? -- dit is so.

U weet nie hoekom nie? -- ek weet nie hoekom nie... die rede nie.

Het u ook nie vir die rede gevra nie? -- Nee.

Het u ooit by die Fort gewerk? -- op geen stadium nie.

Nou praat ons nou 'n bietjie van die isolasieblokke.

As / ..

As 'n man gestraf word, dan word hy in isolasie gesit. Is dit so? --As hy 'n gevangenis oortreding begaan het?

'n Gevangenis oortreding, dit is 'n tugmaatreël ons het alreeds gehoor. Dit is 'n tugmaatreël, en dan sit hy daar in sy sel en hy werk nie en hy moet net oefening kry. -- dit is korrek.

30 minute in die oggend en 30 minute in die namiddag. -- dit is korrek.

En hy doen dit stokalleen? Is dit reg, volgens julle regulasies. -- Ek weet nie hoe is die opset daar by die enkelselle nie.

Nee maar volgens die praktyk soos u verstaan, -- dit is hy dit is hy.

En hulle werk nie. -- werk nie.

Stanley het ook nie gewerk nie. -- Nee,

Hy was behandel asof hy eintlik 'n oortreding begaan het. Asof hy iets slegs gedoen het, nie waar nie? -- dit is so.

Indien hy iemand sleg aangerand het, dan sou hy sô behandel word, is dit nie waar nie? --

Ek praat nou van julle praktyk. -- dit is hy.

En laat ek dit sô stel, voordat 'n man in isolasie nou ingesit word, weens een of ander gevangenisoortreding, word daar interne verhoor .. hy word verhoor deur 'n offisier. --dit is korrek.

Wie is die offisier wat die verhore behartig? -- Majoor Boshoff, Luitenant Botha en Luitenant Lesch, die tyd wat hy nog op Groenpunt was..gestasioneer was.

Dan is daar 'n verhoor en as hy gestraf word, dan moet hy ..dan kan hy of liggaamsstraf kry nie waar nie? -- dit is so.

Of hy kan na isolasie toe gestuur word. -- dit is so

Hoelank / ..

Hoelank maksimum kan hy na isolasie-toe gestuur word? -- vir 30 dae.

30 dae. -- dit is korrek.

Is dit volgens julle eie wet nie waar nie? --dit is so.

Wat eintlik ..watse geweldige misdaad het Stanley gepleeg ..eintlik uitgevoer dat hy daar maande, maande, maande lank gesit het, soos 'n gestrafde persoon? -- ek sal nie kan sê nie want Lt. Lesch weet van die hele ding, hoekom hy daar aangehou word.

Maar u het geweet hy word so behandel nie waar nie? -- ..

Almal het geweet hy word só behandel. --deurdat hy daar aangehou word.

Almal het geweet dat hy was daar aangehou. -- reg so

Hy was 'n besondere geval. Nie waar? -- dit is hy.

En u het nooit gevra hoekom word hy só ..op so 'n strawwe manier gestraf nie? -- op geen stadium nie.

So u was nie geïnteresseerd nie? -- Nee.

Lyk dit nie 'n bietjie meedoënloos as ons nou terug kyk? Bietjie wreed Meneer? Hy het daar gesit vanaf Februarie tot ek dink Juliemaand. Dan lyk dit nie vir u asof as ons terugkyk, vreeslik wreed nie? --..

Met inagneming dat hy geen misdaad gepleeg het in die tronk. Is daar 'n antwoord? -- Nee ek sal nie 'n antwoord waag daar nie

U het geen antwoord nie. -- Nee.

If the Court will bear with me Sir, I would just like to.. I don't want to ask for an adjournment, but I have notes all over the place. If the Court will forgive my taking a bit of time. Op die 8ste het u gesê daar was leërs wat hulle gehad het? -- dit is reg.

Wie / ..

Wie Wie het die leërs gehad? -- ek kan nie onthou nie

Lêers, I was wondering Sir, that is rather a military question,which I wasn't realising.

HOF: Kan u onthou wie die lêers op die 8ste gehad het? -- Adjudant Grundling en Els, altwee het lêers in hulle hande gehad.

MNR SOGGOT: Die soort gewone koeverte wat die speurders hou vir hulle sake? -- dit is reg.

So ver die sogenaamde staal helmet of hoed betref, as 'n persoon daarso kyk, ek neem aan hy kan 'n fout maak en dink dit is van staal gemaak? -- dit is so.

En julle gebruik geel hoede van daardie aard? -- Ja.

Dit word gedra deur die werkers en ek neem aan in gepaste gevalle deur die bewaarders ook? -- dit is korrek.

Sou 'n bewaarder sy eie persoonlike hoed hê? -- dit is korrek.

En dan sou dit nie onwaarskynlik wees dat daar miskien sou in een of ander kantoor 'n geel hoed rondlê nie? -- dit is moontlik. Hulle is nie veronderstel om rond te lê nie.

Ja, maar hulle dra dit en hulle kondit doen ..of dit vir die dag is of vir 'n uur, nie waar nie? --Dit is so.

Nou ek stel 'n bietjie belang Meneer in Mnr ..in daardie kantore. Daar is soos My Geleerde Vriend en ek gesien het, daar is twee kantore in die isolasie-blok, is dit reg? -- ek sal nie kan sê nie.

Maar u was dikwels daar Meneer, asseblief tog. -- ek was daar maar ek weet nie hoeveel kantore is daar nie.

Nou ..

AANKLAER: Dit is miskien 'n bietjie misleidend met respek, daar is nie net twee kantore nie, maar dit is twee kantore

wat / ..

wat langs mekaar lê ek glo dit is wat my Geleerde Vriend bedoel. Maar daar is meer as een kantoor, daar is byvoorbeeld van Pletzen se kantoor, en daar is die twee ondersoekbeampte kantore, ensovoorts.

MNR SOGGOT:My Learned Friend's memory is better than mine. But I will ask the witness. Hoeveel kantore is daar? In die isolasie-blok? -- Sersant van Pletzen s'n en die twee ondersoekbeamptes se kantore.

Dit is nou ondersoekbeamptes wat nou ondersoek doen in verband met enige misdade of oortredings wat in die tronk gepleeg is? -- dit is korrek.

Dan is daar drie kantore waarvan u weet? Van Pletzen s'n, is hy die persoon in beheer van isolasie? -- dit is korrek.

Daar is die twee kantore wat gebruik word deur die ondersoekbeamptes. -- dit is korrek.

Wanneer ..wie is die ondersoekbeamptes? -- Bewaarder Muller en Bewaarder Horne.

Hulle rang? -- bewaarders.

Gewone bewaarders? -- Ja, gewone bewaarders.

Dit is dieselfde as konstabel in die polisiemag? --dit is korrek.

En wanneer hou hulle ..wanneer doen hulle ondersoek? Is dit elke dag of hoe? -- Hulle is elke dag op kantoor.

Elke dag in die kantoor? -- Ja.

Wanneer begin hulle met die werk? -- Hulle begin kwart voor 7, rapporteer hulle vir diens, hoelaat hulle begin werk,weet ek nie.. daar bó by die enkelselle nie.

Hoeveel gevangenes is daar in die enkelselle? -- Daar is akkommodasie vir 98, in die enkelselle.

Maar hierdie ondervraging deur die ondersoekbeamptes

behels..

behels dit net oortredings deur isolasie gevangenes of die hele tronk? -- die hele tronk.

En julle is hoeveel in die julle tronk? -- Duisend en iets.

Bietjie oor 'n duisend? -- oor 'n duisend ja.

Minder as 'n duisend een honderd? -- Ek dink dit is meer, 1 200.

Meer as duisend 1200. -- dit is hy.

Dit is baie mense. En baie van hulle is harde, moeilike mense? -- dit is korrek.

Dan word hierdie twee menere veronderstel om ondersoek in te stel elke dag? -- Ja, hulle kry 337's dit is 'n hospitaal vorm, vir beserings wat hulle opgedoen het, kry hulle by die hospitaal.

Beserings wat mense opgedoen het? -- dit is korrek.

Hulle kry by die hospitaal behandeling? -- Ja.

Hulle ondersoek dit? -- dit is korrek.

En hulle begin werk hoelaat daar? -- kwart voor 7, dan rapporteer hulle vir diens daar, hoelaat hulle begin met die ondersoeke, weet ek nie.

En tot wanneer gaan hulle aan met die ondersoek totdat dit klaar is? -- ja tussen 12 en 1 gaan hulle af vir middagete en dan gaan hulle 4 uur van diens af.

En daar is 2 manne wat die werk verrig want eintlik daar is baie oortredings? -- dit is korrek.

Nou ek dink dit is gemene saak dat die ondersoek van Stanley plaasgevind het in een of ander van die ondersoekbeamptes se kantore. -- dit is reg.

U stry nie daarmee nie? -- ..

Nou Mnr van Pletzen hy het sy kantoor, benodig hy dit? -- Ja, hy doen sy administratiewe werk wat hy het.

Hy / ..

Hy benodig dit, hy kan dit nie aan enige ander persoon oorhandig vir die dag nie ek neem aan. Dit sal hom vreeslik belemmer. -- Nie noodwendig nie, as hy afgaan vir ete en dit, is daar 'n ander lid wat hom aflos vir ete. As hy die dag af is..

Nee, maar wat ek bedoel as ek nou na Mnr van Pletzen toe gaan, en ek sê"ek wil met Stanley konsulteer, kan ek jou kantoor gebruik vir die hele dag" sou dit hom glad nie pas nie? -- Nee

Dit sou onmoontlik vir hom maak, nie waar nie? -- dit is korrek.

Nou kan ..ek neem aan dat net soos ongelukke op die paaie, kry jy meer ongelukke een week as 'n ander week. -- korrek.

Dit is hoe hierdie dinge gebeur, en ek neem aan dieselfde geld vir die tronk, dat op sekere dae is daar baie meer werk as ander dae. -- korrek.

Is daar enige rekord van hierdie ondersoek? --Ja, hulle het boeke..deurslagpapier boeke wat hulle hou om in te skryf, wat hulle hou daarso.

In ander woorde, is daar 'n rekord deur die ondersoekbeampte wat sê nou ek het met Jan Tshabalala begin, om 8 uur die oggend, hy het dit en dat gesê? -- Net nie die tyd nie.

Nie die tyd nie. -- nie die tyd nie.

Eintlik dat hy die man konsulteer het op daardie dag. --dit is korrek.

Dit is daar. --dit is hy.

Wat is die naam van daardie boek? -- die ondersoekregister.

Die ondersoekregister. -- Ja.

Bevat dit ook die besonderhede van wat die moontlike aangeklaagde sou gesê het? -- Nee, nee, net sy naam en besonderhede..die klagte wat hy uitgehaal het en so.

As / ..

As daar geen klagte gelê word, word dit geteken of daar 'n inskrywing gemaak? -- geen klagte..nee.

Kyk, daar word 'n bewering dat Jan Tshabalala iemand aangerand het. --Ja

Toe kom die meneer en hy vra vir die beweerder aanrander "het jy dit gedoen?" en die beweerde aanrander het hom oortuig dat dit nooit plaasgevind het nie..dit is net leuens..sou hy nog..sou die ondersoekbeampte nogtans in die boek 'n inskrywing maak? -- As hy die 337 gekry het, dan word hy in die boek gesit.

Anderste nie? -- anderste nie.

En hierdie is genoem ondersoekboeke, hoeveel boeke is daar? Is daar net een of meer? -- Hulle het elkeen hulle eie een.

Elkeen het hulle eie? -- Ja.

En ek neem aan dit kan moontlik wees dat op een dag is daar minder? -- dit is korrek.

Maar op 'n ander dag is daar baie werk? -- baie

En miskien op die 8ste was daar min werk, en die speurders kon een van daardie kamers gebruik? -- dit is korrek.

En dit is ook moontlik dat op die 9de was daar baie werk en daar was nie plek daar vir hulle nie? Dit is net 'n moontlikheid nie waar nie? -- dit is so.

Meneer, asseblief wanneer u antwoord 'n bietjie harder praat, daardie mikrofoon is 'n bietjie hardhorend.

<u>HERVERHOOR DEUR AANKLAER:</u>Edelagbare, miskien oor die laaste aspek iets wat nie heeltemal duidelik is nie, die ondersoek..dra u kennis oor die spesifieke werk van die ondersoekbeamptes? -- Nee, glad nie.

Kan u ons net miskien help, die werk wat hy verrig, verrig hy sy werk slegs in daardie kantoor of doen hy ook elders op die terrein werk? -- somtyds gaan hy uit na ander plekke

toe / ..

toe waar hy gaan verklarings vat.

Maar u sou nie kan sê presies wat is hulle elkeen se prosedure nie? -- Nee.

Die registers wat u van gepraat het, waar word dit gehou, wie is in beheer daarvan? -- dit bly by elkeen van daardie twee ondersoekbeamptes, hy het sy eie register wat by hom bly.

GEEN VERDERE VRAE

PHILLIPUS ARNOLDUS VAN PLETZEN verklaar onder eed

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER: U is 'n sersant in die Gevangenisdiens gestasioneer te Groenpunt? -- dit is korrek.

En watter afdeling van die gevangenis is u gestasioneer? -- Ek is in bevel van D seksie, die enkelselle.

Goed, hoeveel bewaarders werk daar in D Seksie, D Afdeling? -- ons is 2 bewaarders en twee Swart bewaarders, 2 Wit bewaarders en 2 Swart bewaarders.

En wie is die twee Wit bewaarders? -- Dit is myself en bewaarder Lodewyks.

En die twee Swart persone? -- dit is Bewaarder Mahosi en Bewaarder Chwayele.

En dan net een aspek terwyl ons nou in die begin van u getuienis is, u staan ook bekend onder die gevangenes onder 'n ander naam nie waar nie, onder 'n bynaam? -- bynaam.

Wat is dit? -- Dit is Makafala.

Goed, die naam het by geleentheid opgeduik in die getuienis so ons weet nou wie dit is. -- dit is so ja.

Ken u vir Adjudant-offisier van Loggerenberg die ondersoekbeampte? -- ek ken hom.

Van waar af ken u hom? -- van Groenpunt want hy het daar gekom op ondersoeke.

Sou u in staat wees om te sê van wanneer af u hom ken? --

Ja / ..

Ja, dit was op die 24ste van die ..Februarie, 1982 wat ek hom die eerste keer gesien het.

Ek sien. Nou onthou u die 8ste Maart, 1 982? -- Ja. Toe was Adjudant Pretorius vergesel van Adjudant-Offisier van Loggerenberg, Adjudant-offisier Grundling en Adjudant-offisier Els, daar by die seksie aangekom het.

Ja, Mnr Pretorius is die vorige getuie nie waar nie? -- dit is reg. Ek was toe aan hulle voorgestel deur Adjudant Pretorius.

As wie? -- As lede van die Veiligheidspolisie.

En wat het hulle daar by u kom maak? -- Adjudant van Loggerenberg het toe aan my gesê dat hulle gevangene Stanley Radebe na die kantoor wil hê om hom te ondervra.

Beskuldigde No. 1? -- dit is korrek. Was No. 1 beskuldigde op daardie stadium in u afdeling aangehou? -- Hy was daar aangehou ja.

Goed, kan u onthou watter sel deur No. 1 okkupeer was? -- Hy was in A Afdeling, die 2de sel.

Goed, kan ons nou net die dinge reg kry, u sê A Afdeling, bestaan isolasie-blok uit verskillende afdelings? -- dit bestaan uit 4 afdelings.

A, B, C en D. -- dit is korrek.

En as u sê hy was in A Afdeling, u sê hy was in watter sel? -- die 2de sel.

Nou is dit korrek, ek meen dit is gemene saak, die ..sê byvoorbeeld A Afdeling bestaan uit 'n gang met selle aan altwee kante? -- Dit is reg.

Dieselfde geld vir die ander 3 afdelings? -- al vier seksies is dieselfde ja.

En elke sel het 'n venster wat inkyk na die gang toe

en / ..

en ook na buite? -- dit is reg.

Nou kom ons bepaal ons nou spesifiek tot Beskuldigde No. 1 se sel. Die buite venster van No. 1 se sel, waarna het die buite venster gekyk? -- Daar is 'n oop vlakte agter die gevangenis waar hulle besig is om 'n nuwe kombuiskompleks te bou,

Kyk Beskuldigde No. 1 se buite venster, hoegenaamd na enige anderselle? -- geen ander selle nie.

Dra u kennis daarvan dat die gevangenes met mekaar kommunikeer deur die binne vensters? -- Hulle kan ja.

Sou 'n gevangene deur 'n buite venster kon kommunikeer met die mense? -- Dit kan wees dat hy met die mense wat buitekant is en daagliks uitgaan om te werk, miskien kan kommunikeer, deur om te skree.

Goed, indien 'n gevangene..sê maar byvoorbeeld kom ons noem byvoorbeeld B Seksie, B Afdeling, wil kommunikeer terwyl hy in sy sel is met 'n persoon in Beskuldigde No. 1 se sel,sou u sê dit is moontlik? -- onmoontlik.

HOF: Is dit B of D Seksie? -- B.

B vir Bennie. -- Ja.

AANKLAER: Ek praat van B seksie, maar dit is nou eintlik B Afdeling, ons moet nie dat ons met die seksies deurmekaar raak hier nie. A en B is twee vleuels wat so langs mekaar loop en C en D loop langs mekaar in die ander rigting? -- dit is reg.

En tussen die twee sê maar A en B, is daar 'n oop ruimte. Is dit korrek? -- dit is reg.

En dit is eintlik die oefen ruimte? -- Ja

Waar die gevangenes oefen? -- dit is reg.

HOF: Is die oop ruimte tussen A en B? -- dit is tussen A en D. Dan is daar weer een tussen B en C, binne plase.

AANKLAER: O, ek sien, goed ..

HOF / ..

HOF: Is dit binne plase wat gebruik word vir oefening? -- dit is reg.

AANKLAER: Nou goed, terwyl ons nog op die oefening-aspek is, wat is die reëling ten aansien van die oefening wat persone doen wat daar in die maksimum sekuriteit aangehou word? -- Soggens moet hulle halfuur oefening kry en smiddags ook 'n halfuur oefening, as die weer dit toelaat.

Ja, as dit reën dan kan hulle nie? --Dan bly hulle binnekant ja.

Want die oefeninglokaal is onder die blou hemel? Behalwe 'n draad. -- behalwe die draad ja.

Nou hoe geskied hierdie oefeninge, wat gebeur daartydens? -- Hy word oopgesluit en dan word hy vergesel na die binneplaas toe, en dan word daar toesig gedoen dat hy sy oefening neem.

Ja, onder wie se toesig is dit? -- my toesig.

Nou goed, u het vir ons vertel daar is A, B, C en D afdelings, word alvier afdelings gelyktydig geneem vir oefeninge? -- Nee, net een.

Wat is die prosedure daar? -- Sluit een afdeling per slag oop vir oefening, vir veiligheid.

Gebeur dit ooit dat twee afdelings gelyktydig oefening doen? -- Nee, vir veiligheidsredes.

Kyk daar is, as ek u reg verstaan, twee verskillende oefenruimtes, dit is een tussen A en C en die ander tussen D en B. -- Dit is reg.

Nou gebeur dit soms dat daar in die een geoefen word en in die ander ene? -- As ons een seksie oopsluit, dan vat ons die helfte na die een binneplaas en die ander helfte na die ander binneplaas toe.

Ek volg. -- Ek kan ook net noem dat Stanley het altyd alleen / ..

alleen oefening geneem.

Hoekom was dit? -- dit was om redes wat deur die polisie gevra is.

Ja. Onder wie se toesig het No. 1..ons bepaal ons net by No. 1, onder wie se toesig het hy oefeninge gedoen? --Onder my toesig, as ek teenwoordig was.

En as u nie teenwoordig was nie, onder wie se toesig dan? -- Dan is dit Bewaarder Lodewyks.

Goed, nou wat het die oefeninge behels, wat doen so 'n man wat oefen? -- hy moet beweeg.

Rondloop of rond hardloop of wat ookal. -- Hy kan hardloop ook as hy wil, rondloop.

Maar hy doen dit op sy eie, hy word nie bevele gegee spring op en af en doen dit of dat nie? -- Hy word nie bevele gegee nie. Net as hy moet beweeg.

Goed, is daar enige een van u personeel wat daar werk in die isolasie-blok wat ook by die bou-afdeling betrokke is ? -- Niemand nie.

Nou ons het verneem dat daar ook twee ondersoekbeamptes hulle kantore het in daardie gebou. -- dit is reg.

Wie is hulle? -- dit is bewaarder Muller en Bewaarder Horne.

Ons het ook verstaan dat daar twee ondersoekbeamptes se kantore is? -- dit is reg.

Nou is dit waar hierdie twee manne hulle basis het waar hulle werk? -- waar hulle werk, waar hulle werksaam is ja.

En sit hulle daagliks in die kantore? -- daagliks ja.

Nou goed, kom ons kom dan nou weer terug na die 8ste Maart. U sê daardie dag is die twee polisiebeamptes wat u genoem het, na u gebring en hulle is voorgestel en hulle wou vir No. 1 spreek korrek? -- dit is reg.

Wat / ..

Wat gebeur toe? -- Hulle het toe gevra of daar nie 'n kantoor is wat hulle kan gebruik nie. Ek het hulle 'n kantoor gegee skuins oor my kantoor. Adjudant van Loggerenberg het gevra hy wil graag die beskuldigde alleen ondervra.

Die kantoor wat u aan hom uitgewys het,aangebied het,watter kantoor is dit? --dit is een van die ondersoekbeamptes se kantoor.

Nou waar was die ondersoekbeampte gewees? -- Op die oomblik was hy nie daar gewees nie.

Weet u waar hy was? --Kyk gewoonlik gaan hulle uit om verklarings te neem en sake te ondersoek.

En wat gebeur toe verder? --Ek het toe gevangene Stanley gaan oopsluit,

U persoonlik? -- Bewaarder Cwayele.

Kan ek net vra daar was in die getuienis sprake van 'n Swart bewaarder met die naam van City. -- dit is sy bynaam.

Dit is hy.. is hy City? -- City ja.

Goed, oopgesluit en toe? -- Beskuldigde (oor na kasset 113) na die kantoor geneem, en die drie lede van die polisie is toe daar in. Ek het hulle alleen gelos daar.

Nou kan u min of meer onthou hoelaat dit was? -- dit was voor 12.

Wat het u toe gedoen? --Ek het my ander werksomstandighede aangegaan.

Wanneer het u hulle weer gesien? Daardie dag, ek praat nog steeds van dieselfde dag? -- hulle was ongeveer 'n halfuur besig toe het Adjudant van Loggerenberg na my toe gekom en gesê hy is klaar met Beskuldigde.

Ja? En toe? -- Toe beskuldigde geneem en hom gaan toesluit in sy sel.

Wie / ..

Wie het hom toegesluit? -- Ek het hom gaan toesluit.

Goed, en is hulle toe daar weg, die persone? -- Adjudant van Loggerenberg het toe vir my meegedeel dat Adjudant Grundling en Els die volgende dag weer sal kom om beskuldigde te spreek.

Ja? -- Die drie lede is toe uit.

Wanneer het u enige een van hierdie drie lede weer gesien? --Die volgende oggend, het Adjudant Grundling en Els weer daar opgedaag.

Is dit so na die 9de? -- 9de ja.Hulle het weer gevra om die beskuldigde te sien.

Kan u sê hoelaat ditwas? -- Nee, ek kan nie die tyd onthou nie.

Rowwe skatting? -- sê so omtrent 10 uur.

Ja? -- Ek het toe die beskuldigde gaan haal, en aan hulle oorhandig.

Waar? -- hier by die sellekantoor.

En wat gebeur toe? -- Ek het hom toe gelos daar by hulle, en hulle het hom seker ondervra. Gedurende die dag het hulle gebreek vir tee, en vir etensuur.

En hoelaat het hulle daardie dag finaal klaar gemaak? -- so om en by 4 uur die middag.

Ja? Goed, gaan verder wat gebeur toe? -- Hulle het my toe geroep en gesê hulle is klaar met hom, hulle sal weer die volgende dag kom.

Wie het u geroep? -- Adjudant Grundling

Waarheen het hy u geroep? -- na die kantoor toe.

En het u toe No. 1 weer in sy sel gaan plaas? -- dit is korrek, teruggeneem na sy seltoe.

Nou kom ons gaan nou na die volgende dag, die 10de toe.

Wat / ..

Wat het op die 10de gebeur, die dag daarna? -- Toe het Adjudant Grundling en Els weer daar gekom, weer gevra om die beskuldigde te spreek.

En toe? -- Dieselfde prosedure is weer gevolg Edelagbare,

En hoelaat het die prosedure, die hele verrigtinge afgeloop daardie dag van die 10de? -- Omtrent tot 4 uur die middag.

Kan u sê of No. 1 daardie dag deur u in en uit sy sel gehaal is? -- Ja, hy was verskeie kere, met verskeie tye..want die lede het vir etes en vir tee het hulle verdaag.

Maar ek bedoel u, uself, persoonlik praat ek van. --Persoonlik ja.

Kan u enige getuienis gee oor die 11de? -- die 11de die oggend het die adjudant Grundling en Els weer opgedaag, weer gevra om die beskuldigde te spreek.

En het daar toe weer 'n gesprek plaasgevind? -- Hulle is toe weer in die kantoor in, en die middag toe hulle nou klaar is, met die uitgang het Adjudant van Loggerenberg daar aangekom.

En waar het hulle mekaar.. -- by die ingang.

ontmoet..by die ingang? -- by die ingang.

Ingang van wat? -- van die seksie.

Van die isolasie .. --afdeling ja.

Van die isolasie-blok. -- dit is reg ja.

Ja, kan ek u dit vra, u sê u het vir Beskuldigde 1 by verskeie geleenthede uit sy sel gaan neem, na die betrokke kantoor toe. -- dit is reg.

Het u op enige stadium..en nou praat ek van die hele periode van 8 tot 11, beserings aan hom opgemerk? -- geen beserings aan hom opgemerk nie.

Bloed aan hom opgemerk? -- niks nie.

Het / ..

Het hy op enige stadium teenoor u gekla? --geen klagtes by my ingedien nie.

En het ..hoe was die verhouding tussen u en beskuldigde No. 1? Hoe was u gesindheid teenoor mekaar? -- ons was mekaar goed gesind.

Daar was melding in die getuienis van 'n beampte wat optree as 'n ..ek dink ons het na hom verwys as 'n mediese ordonnans. Kan u vir ons beskryf is daar so 'n persoon? -- dit is Adjudant-offisier van Rensburg, wat in bevel is van die hospitaalafdeling.

Nou besoek die persoon soms die afdeling? -- dit is so.

Hoe dikwels? -- Daagliks..daagliks.

HOF: Kom hy self daagliks? -- daagliks, die hele afdeling.

Kom Adjudant van Rensburg self daagliks na u afdeling toe? -- Nee, hy kom nie self nie, partykeer kom van die ander ordonnanse.

AANKLAER: Hy is die hoof van daardie .. -- Hy is die hoof ja.

HOF: Wie kom daagliks daar? -- Daar is altyd van die ander ordonnanse wat kom Edelagbare.

Kom een van hulle elke dag? -- een kom elke dag ja.

AANKLAER: Kom van Rensburg ook? -- Hy kom ook ja.

Maak hulle beurte? -- Hulle maak beurte.

Kan u vir ons sê hoe..watter prosedure volg hierdie mediese ordonnans, wat maak hy? -- As hy nou in die afdeling inkom, dan gaan hulle van sel tot sel, dan vra hulle of daar enige mediese klagtes is.

Kom hulle op gesette tye of kom hulle ongereeld? -- Hulle kom altyd in die oggend.

Is jy by as hulle so hulle rondtes doen? --Somtyds is ek by Edelagbare.

In / ..

In u ondervinding, vra hulle elkeen afsonderlik of loop hulle net verby? -- Nee, hulle gaan by elke sel in en dan vra hulle.

En die ..watter middele het die ordonnans alles in sy besit? -- Hulle het alle soorte van medisyne daar.

HOF: Kom hy met 'n trollie? -- so 'n kas wat hy dra, wat die medisyne in is.

AANKLAER: Gebeur dit die mense dikwels vra van hierdie medisyne? -- dit gebeur ja.

Nou ons het gehoor uit die getuienis van 'n sogenaamde dwangbuis,"strait jacket" Is daar sulke voorwerpe in die afdeling? -- Daar is dwangbuise op voorraad.

Waar word hierdie dwangbuise gehou? -- Hulle word in die stoor aangehou by my seksie.

En die stoor waar is dit geleë in verhouding tot u kantoor? -- Hy is regoor my kantoor.

Kan u vir ons sê hoeveel dwangbuise het u? --daar is 6 op inventaris.

6. Waarvoor gebruik 'n mens hierdie dwangbuis? --Ons gebruik dit as 'n gevangene homself wil beseer of mede gevangenes aanrand, maar dit geskied slegs met die goedkeuring van die hoof van die gevangenis.

En wie is die hoof van die gevangenis? -- op daardie stadium was dit Majoor Boshoff.

Goed, weet u of daar ooit sodanige middel toegepas was op No. 1 Beskuldigde? -- Nee.

Weet u of daar ooit 'n dwangbuis gerekwisisie is? In daardie tyd? -- daar was geen dwangbuis gerekwisisie nie.

Indien 'n dwangbuis nou nodig is, indien dit nodig is om 'n dwangbuis te gebruik, wie gaan haal hom daar uit die

stoor / ..

stoor uit? --Ek, want die sleutels is in my besit, van die stoor.

Gebeur dit soms dat 'n gevangene gestuur word om 'n dwangbuis te gaan haal? -- Nee, 'n gevangene gaan nie in die stoor in nie.

Goed, was Beskuldigde No. 1 ooit na die gevangenis hospitaal gewees? -- Hy was ja.

Wanneer en waar en waarom? -- dit was op die 17de Mei die oggend.

Ja? -- Toe het hy gekla by die ordonnans wat omgekom het dat hy maagmoeilikheid het, hy is hardlywig. Toe het hulle gesê ek moet hom stuur na die gevangenis hospitaal.

Is hy toe gestuur? -- Hy is toe gestuur.

Dan 'n volgende aspek, die betrokke kantore, die ondersoekbeamptes se kantore, hoe sien die kantore daar uit, watse ameubelment is in die kantore? -- Die eerste kantoor is 'n tafel en twee stoele.

Nou kom ons bepaal ons net by die kantoor waar .. -- dit is die kantoor.

Waar u getuig No. 1 ondervra was. -- Dit is 'n tafel met twee stoele, en so 'n "bedside locker".

'n Watse ding? -- "bedside locker", van die bedkassies.

MR SOGGOT: We had evidence of that already.

AANKLAER: Soos u behaag.

MR SOGGOT: Your Worship I don't think that the contents really are an issue or in ..we've had evidence of that already.

AANKLAER: Wat ek eintlik agter is, is die ..is al vier mure steenmure? -- Behalwe die middelmuur, dit is een groot gebou wat hulle verdeel het.

Ja. Waaruit..uit wat bestaan die middelmuur? -- Hy bestaan / ..

staan uit sinkplaat..uit sink.

Is daar 'n venster in die kantoor? -- Die twee kantore het 'n venster wat na die binneplaas toe kyk.

Is daar vensters wat aanliggend is..naby is aan hierdie betrokke venster? -- Nee, elke kantoor het net een venster.

Ja-nee maar ek bedoel nou is daar ander kantore of selle direk langsaan met vensters ook? -- Die een kantoor is direk langsaan D Seksie.

Die eerste een? -- Die tweede een.

Die kantoor waar ondervra is, is direk langs D Seksie? -- Nee, nee, hy is die eerste kantoor, die tweede kantoor is langs D Seksie.

Goed, nou wat betref die akoestiek in die betrokke kompleks, u sal onthou daardie dag toe ek en My Geleerde Vriend en andere daar was, toe het 'n paar van die gevangenes gesing. Hulle kan mooi sing, hulle het gesing daarso? -- dit is reg ja.

'n Mens kon dit duidelik hoor? -- dit was hoorbaar ja.

Hoe sou u sê indien 'n persoon sou skree in die sel, in 'n sel byvoorbeeld, kom ons neem nou byvoorbeeld 'n persoon is in D seksie en hy skree, in die afdeling skree sal 'n mens hom kan hoor? -- Hy sal moet hard kan skree ja.

En in byvoorbeeld die ondersoekbeampte se kantoor, as hy daar sou skree? -- Jy sal hom kan hoor ja.

Hoe ver is die kantoor van .. -- dit is ongeveer 2 meter

Sê u die kantoor is 2 meter vanaf die..--ondersoekkantoor ja.

Goed, en die ander personeel wat daar is, u het gepraat van Mnr Lodewyks, het u gesê ne? -- Lodewyks wat saam met my werksaam is ja.

En die Swart persoon? -- twee Swart lede ja.

Is / ..

Is hulle deurentyd aan diens in daardie seksie? --dit is reg ja.

Nou u persoonlik, het u op enige stadium enige krede gehoor? --Van die 8ste tot die 11de? -- Niks nie.

Goed om mee af te sluit, het .. is u getuienis dat op al vier die dae wat u oor getuig het, daar in dié kantoor onderhandel is met No. 1. --Ja, al vier die dae.

Nooit uitgeneem na 'n ander afdeling van die gevangenis nie? -- Hy was twee keer .. die een keer wat hy hospitaal-toe was, en twee keer was hy uitgeneem op rekwisisie.

Ons praat nou net van hierdie 4 dae. -- Nee, hy was glad nie uitgeneem nie.

Edelagbare, ek dink ek het alles gevra wat ek wou vra, maar ek kan miskien net in die tee verdaging miskien net iets.. as iets my byval sal ek dalk vra, maar ek dink ek is klaar met die getuie.

OP HIERDIE STADIUM VERDAAG DIE HOF VIR DIE TEE POUSE. BY HERVATTING:

PHILLIPUS ARNOLDUS VAN PLETZEN nog onder eed

AANKLAER: (HERVAT) Edelagbare, ek is jammer by my onderneming kan ek ongelukkig nie gestand hou nie. Mnr van Pletzen, die uitreiking van klere aan gevangenes in die sekuriteits-afdeling, hoe geskied dit? -- gevangenes ruil Vrydag..ruil hulle klere om.

HOF: Kry hulle net een uitrusting op 'n slag? -- op 'n slag ja. en een broek.

AANKLAER: Gestel byvoorbeeld 'n man se klere sou vuil word gedurende die week, vir een of ander rede, hy val dalk, of skuur teen iets, iets olierigs of wat ookal, wat gebeur dan? -- dan kan ons dit omruil.

Verskoon my? -- Dan kan ons dit omruil.

Wie / ..

Wie was die klere? Wie was die kledingstukke? -- die klere gaan na die wasspan toe.

Gebeur dit dat die gevangenes hulle eie klere was? -- as hy daarvoor vra ja.

Gebeur dit? -- dit gebeur dikwels.

Waar was hy dan sy klere? -- dan was hy sy klere in die binneplaas.

Goed,

<u>HOF</u>:Wat sal die nodigheid vir hom wees om sy eie klere te was? -- Party van die gevangenes versoek dit Edelagbare, om hulle eie klere te was.

<u>AANKLAER:</u> Goed, nou afgesien van hierdie dae, die 8ste tot die 11de, en die dae waarop No. 1 uitgeneem is deur die polisie, het hulle op enige ander wyse met No. 1 gekommunikeer? Gesels wat u van bewus is? -- Nee.

Het u ooit met Mnr van Loggerenberg oor die telefoon gepraat? -- dit is reg.

Vertel vir ons daarvan. -- dit was op verskeie geleenthede wat Adjudant-offisier van Loggerenberg geskakel het, dan het hy versoek dat ons Stanley na die telefoon bring.

As u sê verskeie geleenthede, kan u iets meer sê ..meer spesifiek wees? -- Nee, ek kan nie die datum en die tyd onthou nie.

Nee maar ek bedoel hoeveel kere? -- Nee, ek kan dit ook nie onthou nie.

En dan laastens wil ek net dit met u opklaar, ons is weer terug by die dwangbuis, hoe word die dwangbuis vasgemaak, voor of agter? --agter.

Waar is die persoon wat in dit geplaas word se arms op daardie stadium? -- Daar is binnekant die dwangbuis is daar

spasie / ..

spasie vir die arms, waar die arms ingeplaas word.

U beduie nou dat die arms .. -- aan die voorkant ja

Aan die voorkant en u maak u arms so reguit. --is daar spasie waar die arms ingesit word ja.

Goed, nou indien die persoon nou in die dwangbuis is, is daar enige gedeelte van die dwangbuis wat hier in die omgewing van sy hals en aan sy keel is? -- Kyk die dwangbuis loop van smal dan is hy breed in die middel in, en dan onder is hy weer smal.

Mag ek u vra Mnr van Pletzen, dat daar Maandag een saam gebring word? -- ek sal so maak.

Dan u dit kan toon aan die Hof. -- Ja.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR SOGGOT: Sir I wonder whether Mr Pretorius can be asked to leave the Court because I may cover things in which he might be required for recall. I see he is sitting at the back.

AANKLAER HET GEEN BESWAAR NIE.

HOF: Sal Mnr Pretorius dan maar asseblief uitgaan.

MNR SOGGOT: U ken Mnr Pretorius heelwat goed? -- Hy is Adjudant-offisier in bevel van die rekords-afdeling.

Hoelank is u alreeds te Groenpunt? -- Die afgelope 5 jaar

En hoelank is u alreeds in die Diens? -- 23 jaar.

Dan ken u Mnr Pretorius al 5 jaar? -- dit is reg.

Daar is 'n goeie verhouding tussen julle? -- wel, by die werkgeleentheid ja.

En hy is die hoof van die administrasie-blok.-- Hy is in bevel van die rekords in die Ontvangs-afdeling.

Hy is die hoof van daardie afdeling? -- Ja, dit is so.

En ek neem aan hy werk nou te Groenpunt langer as u? -- dit is so ja.

Want / ..

Want hy is alreeds daar 9 jaar. -- Dit kan wees.

Dan sou u sê hy is goed vertroud met die hele praktyk daar? -- dit moes wees.

Dit moet wees, natuurlik. Asook die regulasies. -- dit is so.

Nou Mnr Pretorius het vir ons vertel dat wanneer die speurder..ek is jammer ek trek daardie woorde terug, het u ooit in ontvangs gewerk? -- te Johannesburg en Sasolburg ja, het ek gewerk op ontvangs.

Dit ..is die praktyk dieselfde volgens regulasies? --Min of meer dieselfde ja.

As prokureurs of speurders daar kom met wapens, word die wapen van hulle af geneem? -- alle wapens word afgeneem en dan word dit in die staalkas toegesluit.

In ontvangs? -- By maksimum se kantoor, Groenpunt se gevangenis.

By Groenpunt gevangenis, maksimum kantoor? -- Ja, het hulle 'n staalkas.

Nou as 'n speurder daar kom, ons verstaan van Mnr Pretorius moet hy na Mnr Pretorius toe kom. Stem u saam met Mnr Pretorius? --Kyk hy moet homself identifiseer eers by die hek, en dan moet hy die doel van sy besoek gee.

En moet hy dan ook..ek gee vir u Mnr Pretorius se getuienis, u kan dit bevestig of ontken. Mnr Pretorius sê die speurders moet na hom toe kom. -- dit is reg.

Dit is die praktyk. -- dit is die praktyk ja.

Dat..en ek neem aan volgens regulasies, volgens julle opdragte? -- dit is so Edelagbare, ek weet nie wat die opdragte is nie, daar kan miskien kom dat hy die hoof van die gevangenis wil spreek.

Ja / ..

Ja, maar dit is eintlik die praktyk in die tronke, nie waar, dat as 'n speurder kom, moet hy met iemand eers..iemand moet kontrolleer? -- dit is r eg so.

En in julle geval is dit Mnr Pretorius? -- dit is reg.

En julle laat nie toe dat enige speurder kom en sonder om met Mnr Pretorius te gesels nie? -- dit is reg so.

Nou Mnr Pretorius ..laat ek dit só stel, die ..'n speurder kom ons noem hom Mnr Venter, want ons maak geen aantygings nie, Mnr Venter..Sersant Venter hy kom daar en hy wil Tshabalala spreek. Nou eers kom hy by die hek, -- dit is reg

Daar is 'n Swart bewaarder met die sleutels daar. -- dit is reg ja.

En wat vra daardie Swart bewaarder? -- Hy moet homself identifiseer.

Of dit 'n speurder of 'n prokureur is, wie dit ookal mag wees? -- Hy moet homself kan identifiseer.

En nadat hy geidentifiseer is, dan laat hy hom binne. -- Dan sal die lid na die kantoor-toe gaan, en rapporteer dat daar iemand is om 'n sekere persoon te sien.

As dit 'n speurder is, hy sal rapporteer aan Mnr Pretorius? -- dit is reg.

Wat doen Mnr Pretorius toe? Toe kom hy na die hek? Of wat? -- Hy sal miskien die gevangene laat roep of die persoon wat hy wil sien daar na sy kantoor toe laat kom.

Nee, nee, u spring 'n bietjie voor, die Swart bewaarder gaan na Mnr Pretorius en hy sê daar is iemand by die hek. Wat doen..daar is 'n speurder by die hek,Mnr Venter wat doen Mnr Pretorius? -- Hy sal na die hek-toe gaan.

Hyself sal na die hek-toe gaan? -- Ja.

En hierdie meneer identifiseer? -- dit is reg.

Laat identifiseer, en hom vergesel ek neem aan na die administratiewe kantoor. -- dit is reg.

Nee, dit is duidelik, ons verstaan, en nou as die man as die speurder wapens het, moet hy die wapens nou gaan afgee by die maksimum sekuriteitskantoor? -- dit is reg.

Dit is 'n ander kantoor in dieselfde blok? -- in dieselfde blok.

Ek neem aan daar is 'n brandkas of so iets daar? -- daar is 'n staalkas ja.

Nou hierdie speurder wat nou vir 'n persoon Tshabalala soek, wat is nou die praktyk? -- Dan sal hy na Adjudant Pretorius se kantoor geneem word, daar is nie konsultasiekamers nie.

Daar is nie konsultasiekamers nie? -- Nee, dit is reg.

Maar as die speurder hom wil sien, waar sou hy..daar is nêrens konsultasiekamers lyk dit te Groenpunt, nie waar nie? -- dit is so ja.

Ja, maar julle het kantore orals? Daar is kantore in die enkelselle, daar is kantore by die administratiewe blok nie waar nie? -- dit is so.

Hoeveel kantore altesaam..dink mooi asseblief..Meneer ek is nie haastig nie, met Sy Edele se verlof, hoeveel kantore altesaam is daar in die administratiewe blok? -- dit is die hoofs e kantoor,

Dit is Majoor Boshoff se kantoor? -- Majoor Boshoff, dan is dit die assistent hoof se kantoor, dan is dit die diensteklerk se kantoor.

Ja? -- en dan die ontvangs en die rekordskantoor.

Dit is 5 kantore. -- dit is reg.

Geen ander kantoor of stoorkamer nie, dink mooi asseblief.

-- / ..

-- dan is daar nog 'n klere-stoor daar, in maksimum kompleks ja.

Klerestoor. Dit is nou 6 kamers. -- dit is reg.

Geen ander? -- Dit is al.

Die rekordskantoor is dit betreklik groot? -- ..

Gee ons die ..skatting hoe groot? -- ek sal sê hy is omtrent diehelfte van die gebou, of 'n bietjie kleiner.

HOF: die hele gebou? -- van die vertrek.

MNR SOGGOT: Van die hofsaal u bedoel? -- die hofsaal ja.

HOF: Ek sou skat omtrent 10 meter by 8 meter.

MNR SOGGOT: I would have said 12 by 12, but I am not prepared to be a witness.

HOF: Omtrent hoe groot skat u dit?

AANKLAER: Edelagbare, dit is in daardie koers, in elk geval dit is nie 'n klein kantoor nie, ons kan dit aftree as die Hof dit verlang, dit is redelik groot.

MNR SOGGOT: I would suggest Sir, I don't know Your Worship knows this court better than I, that this,,the breadth of this courtroom is greater than 10, again I suggest that with much anxiety because I am..

HOF: Sal iemand dit asseblief aftree. Dit is omtrent 8½ treë.

MNR SOGGOT: I bow to Your Worship's judgment. Dan is dit so ongeveer ..I think Your Worship said 8 by 10.

COURT: Approximately.

MNR SOGGOT: Ongeveer 8 meter by 10 meter. -- dit is reg.

En hoeveel klerke werk daar? -- Dit is Adjudant Pretorius, bewaarder Terblanche, bewaarder Malherbe, en 3 Swart lede.

Ek verstaan van Mnr van Loggerenberg dat as hy daar kom en hy sien aangehoudenes, dan sien hy hulle in die rekordsafdeling.-- dit is so.

Dit / ..

**Collection Number: AD2021**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials 1958-1982**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.